**SOUTH AFRICAN BIATHLON ASSOCIATION**
**SUID-AFRIKAANSE TWEEKAMP VERENIGING**
64 ERASMUS DRIVE, SUMMERSTRAND, PORT ELIZABETH, 6001 SOUTH AFRICA
TEL/FAX: +27 41 583 3561 E-MAIL: chriselm@lantic.net

# *2012 ANNUAL GENERAL MEETING*
# *ALGEMENE JAARVERGADERING 2012*

**AGENDA - 06/04/2012 @ 19:00 - *GWK Griekwaland-Wes Rugbystadion in Kimberley.***

| | |
|---|---|
| 1. Opening and welcoming / *Opening en verwelkoming* | C Jansen |
| 2. Attendance Register / *Presensie* | B Swart |
| 3. The scrutiny of the delegates' credentials / *Die bevestiging van die afgevaardigdes se geloofsbriewe* | B Swart |
| 4. Reading of the notice convening the AGM / *Lees van die kennisgewing wat die AJV belê* | B Swart |
| 5. Submission and adoption of the minutes of the previous AGM / *Voorlegging en bekragtiging van die notule van die vorige AJV* | C Jansen<br>B Swart |
| 6. Submission, discussion and adoption of the President's Annual Report / *Voorlegging, bespreking en aanvaarding van die President se Jaarverslag* | C Jansen |
| 7. Submission, approval and adoption of the Financial Statement / *Voorlegging, goedkeuring en aanvaarding van die Finansiële Verslag* | G Jordaan |
| 8. Motions / *Mosies* | C Jansen |
| 9. Discussions / *Besprekings* | C Jansen |
| 10. Election of the office bearers of the Association and additional members of the Executive Committee for the ensuing year / *Verkiesing van die beamptes van die Vereniging en bykomstige gekose lede van die Uitvoerende Bestuur vir die daaropvolgende jaar* | C Jansen |
| 11. Election of Honorary Members / *Verkiesing van Erelede* | C Jansen |
| 12. Election of a Selection Committee of three (3) members / *Verkiesing van 'n Keurkomitee van drie (3) lede* | C Jansen |
| 13. Appointment of Honorary Auditors for the next financial term / *Aanstelling van Ere-ouditeure vir die volgende finansiële termyn* | C Jansen |
| 14. Date and Venue of the next annual championships as well as Interprovincial Meetings / *Datum en plek van die volgende jaarlikse kampioenskappe sowel as Interprovinsiale byeenkomste.* | C Jansen |
| 15. Conclusion / *Afsluiting* | C Jansen |

**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE SA TWEEKAMP VERENIGING GEHOU OP VRYDAG, 6 APRIL 2012 OM 19:00 BY DIE GWK Griekwaland-Wes Rugbystadion in Kimberley.**

**1. OPENING EN VERWELKOMING:**

Die President, Regter Chris Jansen (CJ), verwelkom almal by die AJV van die SA Tweekampvereniging. Ds Dawie Smit open met skriflesing en 'n gebed – 1 Kor 15, vers 2: *"Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het,"* en vers 10: *"Maar deur die genade van God is ek wat ek is."*

**2. PRESENSIE:**

Die presensielys word aangeheg. Daar word verskoning aangebied vir Gert Jordaan, die tesourier.

**3. DIE BEVESTIGING VAN DIE AFGEVAARDIGDES SE GELOOFSBRIEWE:**

Alle provinsies het hulle geloofsbriewe vooraf na die sekretaris gestuur – bevestig deur Blackie Swart (BS). Bevestig volgens die presensielys – daar is 37 stemgeregtigde lede teenwoordig.

**4. LEES VAN DIE KENNISGEWING WAT DIE AJV BELê:**

Die sekretaris, BS, lees die amptelike kennisgewing om die AJV te belê.

**5. VOORLEGGING EN BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE AJV GEHOU OP VRYDAG, 1 APRIL 2011 BY DIE KLUBHUIS VAN DIE NELSON MANDELA METROPOLITAANSE UNIVERSITEIT SE ATLETIEKBAAN IN PORT ELIZABETH:**

Die notule word as gelees beskou en word deur die vergadering bekragtig – voorgestel J vd Venter, gesekondeer N Soekoe.

**6. VOORLEGGING, BESPREKING EN AANVAARDING VAN DIE PRESIDENT SE JAARVERSLAG:**

Regter Chris Jansen (CJ) lewer sy jaarverslag, soos wat ingebind is in die dokumente wat uitgedeel is.

Die volgende aspekte word uitgelig:

- Almari Visser van Gaurteng-Noord is op die SA Bestuur gekoöpteer.
- Die eerste vergadering van die bestuur is in Port Elizabeth gehou.
- Inligting is deurgaans aan alle provinsies deurgegee.
- En van die belangrikste aspekte wat aandag geniet het, is die hersiening van die tegniese reëls. Dank word uitgespreek teenoor Deon Velthuysen, Len Symington en Ben Fourie.
- Die President is deurgaans in kontak met die Bestuurslede.

- Nuusbriewe is gereels uitgestuur.
- WP en Boland word bedank vir hulle deurlopende inligting. CJ versoek provinsies om hom op hoogte te hou van aktiwiteite.
- Verskeie navrae is van belangstellendes gekry, veral a.g.v die webwerf.
- Gert Jordaan het die tuig neergelê as tesourier. Hy word bedank vir sy harde werk en getroue en lojale diens aan Tweekamp in geheel. Dit word met applous van die vergadering bevestig.
- SASCOC wil SA Tweekamp nie as affiliaatlid toelaat nie.
- Oud-Tweekampers doen ook baie goed met Driekamp en het verskeie Biathle-medaljes gewen.
- Biathle het ook weerens ’n byeenkoms op Sondag net buite Kimberley.
- Die President het die afgelope seisoen vier Interprovinsiale byeenkomste bygewoon, maar kon slegs aan een deelneem a.g.v. ’n rugprobleem.
- Ontwikkeling bly nog agterweë, Dank word uitgespreek teenoor WP en Grens vir hulle goeie ontwikkeling.
- Daar is meer ekleurde spanne in die Ontwikkelingspan as verlede jaar.
- Die geld wat vanaf Lotto ontvang is vir ontwikkeling, raak nou vinnig uitgeput.
- Provinsies word versoek om hulle finansiële verpligtinge na te kom.
- Die meeste provinsies se besture het dieselfde gebly.
- Tewie van der Westhuysen het na baie jare as Voorsitter van Noord-Vrystaat se Tweekampbestuur uitgetree.
- Tweekamp moet as ’n inheemse sport ontwikkel word.
- CJ bedank almal vir hulle ondersteuning.

AM bedank CJ vir sy leiding as President. Die verslag word met akklamasie aanvaar, voorgestel Len Symington en gesekondeer Dawie Smit.

**7. VOORLEGGING, GOEDKEURING EN AANVAARDING VAN DIE FINANSIëLE VERSLAG:**

Die ouditverslag is weer kosteloos gedoen deur Bezuidenhout en Steyn soos verteenwoordig deur Hans Jonker. Hulle het hulle tevredenheid met die finansiële state uitgespreek. Chris Jansen bespreek die verslag in die afwesigheid van die Tesourier.

Die finansies raak minder, veral die Lotto geld vir ontwikkeling. Aansoek word ingewag vir eise vir ontwikkeling. Alle provinsies het hulle finansiële verpligtinge nagekom en betaal.

Die finansiële verslag word aanvaar: voorgestel: Willie Wiid en gesekondeer: Deon Velthuysen, met dank aan GJ.

**8. MOSIES:**

Geen.

**9 BESPREKINGS**

**9.1 Ontwikkeling:**

DvdW bied verskoning aan vir Bolans wat wel 'n verslag ingedien het, maar dit het ongelukkig uitgeval en is nie ingebind nie. Suid-Vrystaat deel 'n verslag uit. DvdW noem dat daar baie geleenthede is vir ontwikkeling – dit moet net aangegryp word. Daar is fondse beskikbaar by die Dpartement van Sport en Ontspanning. Een van die ses prioriteite van die Minister van Sport en Onspanning is transformasie. Dit moet vanaf grondvlak opgebou word. DvdW sal ondersteuning gee waar versoeke kom.

**9.2 Tegniese reëls**

Die tegniese reëls as voorstel is deurgestuur en ingebind. Die veranderings soos deur die SA Bestuur voorgestel is bespreek en veranderings is aangeteken. Die stel tegniese reëls word as die amptelike SA Tweekamp Tegniese Reëls aanvaar.

**9.3 Namibië**

Namibië het vir AM gekontak om deel te neem aan Tweekamp in SA. Hulle wil graag programme hê vir kompetisies. Indien hulle deelneem kan dit SA Tweekamp help om by SASCOC te affilieer. Namibië kan dalk as 'n provinsiale span aan kompetisies deelneem.

**10. VERKIESING VAN DIE BEAMPTES VAN DIE VERENIGING EN BYKOMSTIG GEKOSE LEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR:**

Daar is geen nuwe nominasies ontvang nie, slegs nominasies vir die huidige bestuurslede en die bestaande bestuur word dus herkies. Almari Visser word weereens deur die President geko-opteer as 'n lid van die UB. Die SA Tweekamp Uitvoerende Komitee sal dus soos volg saamgestel wees:

| | | |
|---|---|---|
| President: | Regter Chris Jansen | Onbestrede |
| Vise-President: | Archie Markgraaff | Onbestrede |
| Sekretaris: | Blackie Swart | Onbestrede |
| Tesourier: | Ananda Blignaut-de Waal | Onbestrede |
| Addisionele lede: | Dave vd Walt | |
| | Deon Velthuysen | |
| | Len Symington | |

Gert Jordaan sal voortgaan om die finasies te hanteer totdat ABdW amptelik by hom oorneem. Hy sal die betalings nog doen totdat die nodige tekenregte by die bank verander is.

11. **VERKIESING VAN ERELEDE:**

Geen

12. **VERKIESING VAN 'N KEURKOMITEE VAN 3 LEDE:**

Daar is geen nuwe nominasies ontvang nie, slegs vir die huidige Keurkomitee en die bestaande komitee word dus herkies, soos volg:

Dave vd Walt, Deon Velthuizen en Archie Markgraaff.

**13. AANSTELLING VAN ERE-OUDITEURE VIR DIE VOLGENDE FINANSIëLE TERMYN:**

Questus Ingelyf, soos verteenwoordig deur Hans Jonker, word aanvaar as ouditeure. Voorgestel: Dawie Smit, gesekondeer: Daleen van der Westhuizen.

14. **AANSOEKE ONTVANG: DATUM EN PLEK VAN DIE VOLGENDE JAARLIKSE KAMPIOENSKAPPE SOWEL AS INTERPROVINSIALE BYEENKOMSTE:**

Die SA Kampioenskappe word in 2013 deur Suid-Westelike Distrikte in Oudtshoorn aangebied. Die datum sal nog bevestig word. Die Suidelike Provinsies sal Dave van der Walt van hulp voorsien.

Die SA Kampioenskappe vir 2014 sal deur die Noord-Wes Provinsie in Rustenburg aangebied word.

Die res van die seisoen se bepalings is soos volg: (sien onder)

15. **AFSLUITING:**

Die President bedank Rassie en sy komitee vir die reëlings ten opsigte van die 2012 SA Kampioenskappe en wens almal 'n voorspoedige kompetisie toe.

Die vergadering verdaag om 20:20.

| | |
|---|---|
| ……………………………………………. | ……………………………………… |
| **PRESIDENT** | **SEKRETARIS** |
| ……………………………………………. | ……………………………………… |
| **DATUM** | **DATUM** |

## BIATHLON Annual programme for 2012, 2013, 2014:

**Inter Provincials and SA Championships** (as on 07.04.2012)

| DATE of EVENT | CODE | VENUE | HOST PROVINCE | CONTACT |
|---|---|---|---|---|
| 6 October 2012 | Biathlon | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| 7 October 2012 | Biathlo | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| 13 October 2012 | Biathlon | Upington | Noordwes-Kaap | See 10 D Smit |
| 27 October 2012 | Biathlon | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| 28 October 2012 | Biathlo | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| 27/28 October 2012 | Biathlon | Pretoria | Gauteng North | See 5 J vd Venter |
| 3 November 2012 | Biathlon | Kroonstad | Noord-Vrystaat | See 9 D vd Westhuizen |
| 12 January 2013 | Biathlon | Nelspruit | Mpumalanga | See 1 M Stronkhorst |
| 2 February 2013 | Biathlon | Oudtshoorn | Highgate (SWD org) | See 2 D vd Walt |
| 3 February 2013 | Biathlo | Oudtshoorn | Highgate (SWD org) | See 2 D vd Walt |
| 17 February 2013 | Biathlon | Germiston | Central Gauteng | See 4 P Minnaar |
| **22 Maart 2013 (Fri)*** | **Biathlon** | SWD - Oudtshoorn | **SA Championships** | See 2 D vd Walt |
| **23 Maart 2013 (Sat)** | **Biathlo** | SWD - Oudtshoorn | **SA Championships** | See 2 D vd Walt |
| ? October 2013 | Biathlon | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| ? October 2013 | Biathlo | Bloemfontein | Southern Free State | See 6 A Markgraaff |
| ? October 2013 | Biathlon | Kimberley | Griekwas | See 8 Rassie Erasmus |
| ? October 2013 | Biathlo | Kimberley | Griekwas | See 8 Rassie Erasmus |
| ? October 2013 | Biathlon | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| ? October 2013 | Biathlo | Port Elizabeth | Eastern Province | See 7 C Jansen |
| ? October 2013 | Biathlon | Pretoria | Gauteng North | See 5 J vd Venter |
| ? November 2013 | Biathlon | Kroonstad | Noord-Vrystaat | See 9 T vd Westhuizen |
| ? January 2014 | Biathlon | Nelspruit | Mpumalanga | See 1 J Pretorius |
| ? February 2014 | Biathlon | Oudtshoorn | Highgate (WP org) | See 11 M Vorster |
| ? February 2014 | Biathlo | Oudtshoorn | Highgate (WP org) | See 11 M Vorster |
| ? February 2014 | Biathlon | Germiston | Central Gauteng | See 4 F v Niekerk |
| ? **2014** | **Biathlon** | NW - Rustenburg | **SA Championships** | See 12 N Soekoe |
| ? **2014** | **Biathlo** | NW - Rustenburg | **SA Championships** | See 12 N Soekoe |

***The 2013 SA Championships in Oudtshoorn cannot clash with the KKKNK held over the Easter weekend (29 March – 1 April 2013. Thursday 21 March 2013 is a public holiday and Friday 22 March is a school holiday. The Opening Ceremony will be on 21 March.**
**( ? = date not confirmed – The host province must please confirm the final date)**

**1. MPUMALANGA BIATHLON ASSOCIATION**
*Magda Stronkhorst* Cell 082 575 2780 e-mail mstronkhorst@lantic.net
**2. SOUTH WESTERN DISTRICTS BIATHLON ASSOCIATION**
*Dave van der Walt* Cell 082 7734 901 e-mail davesus@mweb.co.za;
**3. BOLAND BIATHLON ASSOCIATION**
*Len Symington* Cell 082 875 2257 e-mail symingtonl@pvbm.co.za; symingtons@adept.co.za
**4. CENTRAL GAUTENG BIATHLON ASSOCIATION**
*Paul Minnaar* Cell 083 254 5203 e-mail cgbiathlon@gmail.com; fernandovn@telkomsa.net
**5. GAUTENG NORTH BIATHLON ASSOCIATION**
*Johan van de Venter* Cell 083 268 2363 e-mail vdventer@mweb.co.za
**6. SOUTHERN FREE STATE BIATHLON ASSOCIATION**
*Archie Markgraaff* Cell 082 5583 567 e-mail dsat-bfn@iafrica.com
**7. EASTERN PROVINCE BIATHLON ASSOCIATION**
*Chris Jansen* Cell 082 787 2915 e-mail chriselm@lantic.net
**8. GRIEKWALAND-WES BIATHLON ASSOCIATION**
*Rassie Erasmus* Cell 083 650 7365 e-mail rassie@engelsman.co.za
**9. NORTHERN FREE STATE BIATHLON ASSOCIATION**
*Hendrik Taylor* Cell 0824477869 e-mail hendriktaylor@yahoo.com
**10. NORTH WEST CAPE BIATHLON ASSOCIATION**
*Dawie Smit* Cell 082 770 7212 e-mail dawie@aristo-upt.co.za
**11. WESTERN PROVINCE BIATHLON ASSOCIATION**
*Marius Vorster* Cell 082 336 1575 e-mail wptweekamp@telkomsa.net
**12. NORTH WEST PROVINCE BIATHLON ASSOCIATION**
*Nic Soekoe* Cell 084 048 7149 e-mail nicsoekoe1@gmail.com;